

# DIE SKIETLOOD

## NGB ARTIKEL 9

Ons is deel van die een, heilige, algemene (katolieke) kerk. Ons bely ons geloof soos die kerk en saam met die kerk, met dieselfde inhoud as die kerk van alle eeue. Ons glo dat God Homself openbaar het as 'n Drie-Eenheid. Een in wese, onderskeie in drie persone, te wete Vader, Seun en Heilige Gees. Artikel 8 van die NGB het hierdie oortuiging probeer verwoord in soverre dit verduidelik kan word. Daar is reeds aangedui dat die Bybel nie die Woorde Triniteit of Drie-Eenheid bevat nie. Dit is daarom belangrik dat daar nou in artikel 9 van die NGB aangedui sal word dat hierdie belydenis in wese deur die Bybel ondersteun word. Indien ons wil bly by die wekroep van *sola scriptura* – die Skrif alleen, sal ons moet aantoon dat die Triniteit Skriftuurlik sin maak. Die inhoud van die Bybel moet hierdie belydenis steun.

Artikel 9 bewys dat die Triniteit reeds versluier in die Ou Testament bekend gestel word. Die oortuiging dat daar 'n progressiewe openbaring is wat ons in die Bybel raaklees, loop uit in die volle Openbaring van God in Christus. Dit moet duidelik gestel word dat die stygende lyn van kennis verbind aan die heilsgesiedenis, kulmineer by die opeenvolgende heilsgebeure rondom Christus en die Pinkster. God gee geen verdere openbaring as dit wat ons in die 66 boeke van die Skrif vind nie. Soos in die verlede is die **vetgedrukte** gedeeltes die bewoording van die NGB met gepaardgaande kommentaar in gewone Ariel 12-skrif.

## SKRIFGETUIENIS OOR DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID

**Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament, en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie. Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies:**

Twee sake word hier genoem. Die eerste is die ervaring van gelowiges en die tweede is die getuienis wat ons in die Skrif vind. Getrou aan die behoudende tradisie word die ervarings van gelowiges nie oorbeklemtoon nie. Dit is inderdaad so dat ons in ons lewens die werking van die Triniteit ervaar in ons harte en lewens. Ons ervaar die sorg en verlossing van die Vader, ons ervaar die vrede wat deur die Seun bewerkstellig is en ons ervaar die troostende werking van die Heilige Gees in ons lewens. Al hierdie dinge is waar, maar word net in die verbygaan genoem. Ons kan met ander woorde nie vanuit ons ervaring los van die Bybel kom by 'n gevolgtrekking rakende die Triniteit nie. Hierdie stelling wil aandui dat ons vanuit die Skrif kan redeneer na die effek van God se genade op ons as mense.

Die NGB se hooffokus is op die getuienis wat in die Bybel gevind kan word. Oor die Ou Testament word dit duidelik gestel dat daar baie bewyse gevind kan word. Die NGB fokus egter op 'n paar tekste wat uitstaan.



Dit is opvallend dat die tekste op 'n eenvoudige manier benader word. Dit is nodig om daarop te wys dat daar meer komplekse bewyse vir die Triniteit aangedui kan word deur die logiese gesprek tussen Ou- en Nuwe Testament te laat plaasvind. So byvoorbeeld lees ons in Genesis 1:1-3: *“In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.”* Ons bely dit is die Vader wat skep. Ons lees in vers twee van die Gees van God, die Heilige Gees wat by die skepping daar was en betrokke word. Johannes se Evangelie help ons om te verstaan dat God deur die Seun geskep het. “God het gesê”, dit beteken woorde of die Woord gebruik – genoegsame aanduiding van die Triniteit. Johannes 1:1 *“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.”*

**Genesis 1:26 en 27: 'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape';**

Hierdie verwysing na “ons” is interessant. Daar is 'n moderne gedagterigting wat hierdie ons wil reduceer tot 'n pluralis majestatis, met ander woorde die koninklike “ons” wat eintlik dui op “ek”. Daar word gewys op die gebruik van Elohim (אלהים Meervoud van El – God). Sou hierdie teksvers die enigste verwysing gewees het, sou dit dalk kon water hou. Daar is egter 'n veelheid van ander tekste wat dieselfde sentimente adem. Die vadere het met reg geoordeel dat 'n veelheid

van persone deur hierdie “ons” impliseer word. Die mensdom sou na Golgota finaal beseef dat ons met Een Wese, drie persone te make het. Die Ou Testament kan net getuig dat die “ons” na meer as een persoon verwys, terwyl die daad van skep aan een Wese toegedig word. Die eenheid van optrede blyk ook baie duidelik uit die taalgebruik wat ons vind.

**Genesis 3:22: 'Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons'. Wanneer God sê: Laat Ons mense maak na ons beeld, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Weliswaar sê Hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigsins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik.**

Een gelowige beskryf die saak so: Dit is soos 'n kamer met meubels in, 'n kamer waarvan die lig nie aangeskakel is nie. Sodra die lig aangeskakel word, sien ons die meubels duidelik. So is dit met die verwysings rakende die Triniteit in die Ou Testament. Dit is eers met die koms van die Lig vir die wêreld dat die Ou Testament se verwysings duidelik verstaanbaar word. Met hierdie voorbeelde volstaan die NGB terwyl daar vele ander gedeeltes uit die Ou Testament aangedui word wat ons kennis van die Triniteit ondersteun.

**Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê: 'Dit is my geliefde Seun' (Matt. 3:17). Die Seun is in die water gesien, en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar. Buitendien is vir die**

**doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: 'Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees' (Matt. 28:19).**

Ons sien met ander woorde reeds aan die begin van die Evangelies dat God Drie-Enig besig is om op te tree. Die hele Triniteit is betrokke by die doop van Jesus. Die Vader se stem dui op die diepe verbintenis met die (S)seun, terwyl die Heilige Gees in die simbool van die duif teruggevind word. Dit is vanselfsprekend dat ons eie doop in die teken van die Triniteit sal geskied. Jesus se opdrag maak hierdie 'n eksplisiete aanduiding dat God Drie-Enig is.

**In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: 'Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word' (Luk. 1:35);**

Die Lukas Evangelie begin ook deur aan te dui dat daar Een Wese is wat optree en verskillend ervaar word na aanleiding van die drie Persone betrokke.

**eweneens: 'Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal' (2 Kor. 13: 13), en:**

Die seën van die Here word in hierdie teksgedeelte duidelik as Trinitaries aangedui. Ons vind dieselfde formule in Openbaring 1 waar Vader, Gees en Seun genoem word; Openbaring 1:4-6: *"Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom (Vader), en*

*van die sewe Geeste voor sy troon (Heilige Gees), en van Jesus Christus (Seun), die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen".*

**'Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig' (1 Joh. 5:7-8).**

Johannes is die skrywer wat die saak duidelik stel en begin verduidelik sonder om dit te waag om alles te wil verklaar. Vir Johannes is daar twee sake wat beklemtoon moet word, die drie wat getuig, en die eenstemmigheid van die getuies.

**Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie Persone in een, enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.**

Hierdie belydenis maak dit duidelik dat die Triniteit geen menslike uitvinding of konstruksie is nie. Inteendeel, die openbaring van die Triniteit gaan menslike verstand te bowe en kan daarom net geglo en bely word met die sekere wete dat God by die wederkoms alles aan ons sal duidelik maak. Dit is duidelik dat die Nuwe Testament

skrywers dieselfde goddelike eienskappe aan Jesus toegeken het as wat ons lees Jahweh (יהוה) se eienskappe in die Ou Testament is. Dieselfde geld vir die Gees.

**Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.**

Daar is reeds verwys na die eenstemmigheid wat ons terugvind, 'n eenstemmigheid wat te make het met sake soos liefde, verlossing en genade. Die drie persone het elk besondere bydraes tot hierdie een saak en die NGB wil iets hiervan verwoord.

**Hierdie leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en kettters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en dergelike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.**

Die leer aangaande die Drie-Eenheid is as leerstuk uniek eie aan die Christelike geloof. Hierdie oortuiging moet gehandhaaf word na buite en na binne. Na buite is dit veral belangrik om teenoor Mohammedaan en Jood te getuig. Na binne is dit duidelik dat daar in die geskiedenis van die kerk reeds 'n

indrukwekkende lys van kettters genoem kan word. Net enkeles word genoem, mense wat elk deur hulle dwaling die belydenis in die Triniteit bedreig het. Marcion van Sinope het die Triniteit ontken deur die absolute goddelikheid van Jesus te ontken deur Jesus as 'n mindere geskape god voor te stel. Mani was 'n gnostikus wat homself as die laaste profeet voorgestel het, deur sommige gesien is as 'n reïnkarnasie van Jesus – net soos Marcion het hy die goddelike aard van Jesus ontken. Praxeas het soveel klem geplaas op die eenheid van God dat hy die leer van die Triniteit verwerp het deur te stel dat die Vader self aan die kruis gesterf het. Hy was 'n modalis wat gestel het dat God net verskillende maskers opgesit het by interaksie met die mens. Jesus is volgens hom deur God aangeneem - Adopsionisme. Sabellius was eweneens 'n ondersteuner van die modalisme., Samosatenus was 'n ook Monargianis - iemand wat glo daar is een Persoon en een God. Arius het vrae gehad oor die aard van die Seun en die Seun se verhouding met die Vader. Hy het tot die slotsom gekom dat Jesus nie van dieselfde syn (wese) is as die Vader nie en het so die leer oor die Triniteit ondergrawe.

**Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius, en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.**